Na ‘n wedstryd en ‘n half met die gesukkel met die permitte het ons op Fauresmith gearriveer die Vrydagaand in ysige koue. Ons het op -12 grade begin sommer! Die eerste dag al was alles geys, selfs die mense in die dorp se geysers het gevries!! Ek en Sune het op gevriesde diesel teen 40km ‘n uur Bloemfontein toe gesukkel! Maar die eendjies op die damme het wraggies geswem!!
Na die eerste oggend se uit ry was ons baie verlig dat almal goed gereis het en al die perde was reg. Die perde wat ons daar gekry het was darem ook heel rybaar.
Dit was vir ons baie oulik wanneer ons uit ry en die swartetjies langs die pad vra “ wat is djou pjerd se nam?” een het vir Jan gevra wat is djou bakkie se nam? Die goedjies is kostelik,want die geletjies brei en dan herhaal hulle die name van die perde en more oggend as ons weer verby ry vra hulle maar weer!

Sondag oggend is ons almal saam kerk toe en wat ‘n ondervinding! Dis die mooiste kerkie en met omtrent 800 perdemense is die gevoel van gemeensaamheid onbeskryflik. Almal sit styf gepak in die banke om in te pas en sodoende bly mens darem warm!
Sondagaand is al die spanne in die saal bekend gemaak en voor gestel.
Maandag oggend half sewe moes ons aantree vir parade om die baan. Dit was sommer lekker koud,maar omtrent ‘n gesig om 407 perde om die baan te sien loop!! Almal geklee in provinsiale drag en ons met ons bloedrooi sweetpakke het darem uit gestaan tussen die massa.
Na die parade het ons ons perde begin voorberei vir die die veearts ondersoeke en Al ons Namibiese ruiters se perde het dit gemaak en ons kon almal Dinsdag oggend wegspring. Ons het egter almal vyf kg swaarder geweeg en was benoud omdat ons nie so baie geëet het nie,maar tot ons verligting was die skaal toe die probleem!
Die eerste groep Nam perde het 7:02 en die ander groep 7:08 weg gespring,so ons was relatief bymekaar en baie gelukkig om so vroeg weg te spring.
Franzi,Helga en Kabous se perde is al veterane en kon bietjie ry. Ons ander het baba perdjies gery en moes maar stadig oor die baan wat hierdie jaar regtig ‘n uitdaging was met 150mm reen twee weke voor die rit en baie verspoel was. Daar was ook oral water en strome wat geloop het en die pad was ook erg vol klippe en hobbels. Ons moes ook deur dik modder beur.

Ten spyte van al ons behandelings en pogings om “mock” te keer het Stefanus se perdjie na die eerste dag uit geval met erge mock op haar bors.
Dit was baie hartseer vir ons om een perd van die groep uit te hê, maar met nuwe ywer en hoop het ons die tweede dag aan gepak,met Heidi en Stefanus wat toe vir Helga gehelp groom het.
Na dag 2 was ons drie perde minder met Helga,Riandi en Swartz wat ook uit geval het langs die pad.
Dag drie was ons net vier Nam perde oor wat gery het,en drie Namibiese span ruiters. Ek,Kabous en Franzi. Met die wegspring was ons amper verkluim! Franzi en Kabous het baie mooi gery en onderskeidelik 13de en 21ste klaar gemaak uit in +- 90 standaard gewig riters. Ek en Sune was van die agerosse,maar kan darem 201 km ook in ons boekies skryf!!
Die koue was bitter erg,maar ons is mos tawwe mense. Die ysreën wat hul voorspel het, het ons darem gelukkig nie tydens die rit ervaar nie, daar was egter ‘n ysige wind wat deur ons gesny het op Grapfontein die eerste dag. . Ons grooms moes omtrent hulle storie ken met die toemaak van die boude en insmeer van die spiere om te keer dat ons perde nie ook daar statistiek word agv die weersomstandighede nie.

Van +- 407 perde wat weg gespring het het net 264 perde voltooi wat ten spyte van die slegter baan en kouer weer glo beter was as verlede jaar.

Vir die jonges van gees is daar ‘n dans elke aand in die saal en dis ‘n baie goeie teenvoeter vir die stywe spiere na die rit om alles weer los en in plek te kry.
Ons klomp het baie lekker om die vuur gekuier elke aand en saam kos gemaak. Die koue is glad nie so erg met so ‘n lekker klomp mense saam nie en mens raak dit later gewoond. Ek moet se die dik vere komberse, verwarmers, en OBS help darem ook!!!!!
Ons het baie planne om die vuur gemaak om hierdie klomp volgende jaar in hulle perde hoofstad Fauresmith te kom aanvat. Hulle het die aura van onaantasbaarheid hier en ons glo ons klomp kan defnitief met ons perde hulle kom skrik maak.

Fauresmith is ‘n uitsonderlike ervaring en ek glo ieder en elke ruiter moet dit een maal in sy lewe ervaar. Chariots of Fire kry daar ‘n heel ander betekenis vir ‘n mens. Hoop baie meer van julle sal nou al perde begin reg maak sodat ons Namibiers oral op elke soort rit RSA kan laat les op sê!